**Saterdag 6 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:1-12; HK Sondag 5, Vraag 15**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:1, 11**

## Die Verlosser: ware God en ware mens

As geen engel of dier of mens vir die mens se sondes kan betaal nie, is die logiese vraag: Aan watter vereistes moet die middelaar en verlosser beantwoord? Die antwoord is: Hy moet ’n ware, regverdige mens wees en ware God wees. Dit kom dus daarop neer dat God en mens op een of ander wyse in een persoon bymekaar moet kom. Hoe moet dit dan gebeur? Moet die mens God word of moet God mens word?

In die tyd van keiser Augustus was die mense van oordeel dat ’n mens god moet word om ander te red. Trouens, volgens hulle siening het die mens in Augustus reeds god geword, want hulle het hom as god vereer. Daar is bewyse dat daar vir keiser Augustus altare opgerig is en dat hy *redder*, *verlosser* en *saligmaker* genoem is. Daarby is selfs gepoog om ’n nuwe jaartelling met Augustus te laat begin. Hy is dus gesien as die mens wat tot god verhef is en wat die mens van sy sonde en ellende kan verlos.

Hierdie siening was egter verkeerd, want hoewel Augustus baie goeie dinge vir die Romeinse Ryk gedoen het, kon hy die mens nie van sy sonde en ellende verlos nie. Uiteindelik het die beroemde Romeinse Ryk verkrummel en ten gronde gegaan.

Daar moet dus ’n ander weg gesoek word vir God en mens om bymekaar te kom. Die mens kan nie soos god of self god word nie. Daarom daal God in barmhartigheid en genade na die mens toe neer. Jesus Christus neem uit Maria ’n menslike natuur aan en word as mens in Betlehem gebore. Hy het ook geen erfsonde nie, omdat Hy deur die Heilige Gees verwek is (Luk. 1:35). Hy is dus ware God en ware, regverdige mens wat die losprys vir die lewe vir ons kan betaal en ons van ons sondes kan verlos.

Met innige dankbaarheid teenoor God kan ons nou saam met Paulus sê: *“Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God”* (1 Tim. 2:5, 6).